



HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

18 Oktober 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

**Baie welkom aan die Gr 11's en ook aan
elke besoeker wat vandag saamkuier**

OEFEN OM TE LEEF

1 Timoteus 4:6-10



Geloofsverbintenis van ons jongmense

Sondag 18 Oktober • 09:00
PE Hoogland

Geloof deur liefde tot dade



Geloofsverbintenis 2026



Program van die dag

09:00 Oggenddiens - Roetemerker Geloofsverbintenis : Ds Pieter Nel
GEEN GVG a.g.v. Geloofsverbintenis

*Deurkollekte: Alistair Jolley - SIM
(...hy help met sendingwerk onder die Moslems in PE en ook in die Gevangenis)*

Algemeen

Program vir die week:

Dinsdag: 20 Oktober

09:30 Bybelstudie in die Voorhuis

11:00 Gebedsaksie in die Kapel

18:00 Bybelstudie in die Voorhuis

Woensdag: 21 Oktober

08:45 B/fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 22 Oktober

18:00 Doopkursus

Vrydag: 23 Oktober

05:15 Mannebediening



Snap here to pay

SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland

ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005



Zapper

Gebedsversoeke kan hoogs
vertroulik per *WhatsApp* gestuur word
na 079 815 9325.

Sou jy wil deel wees van die *WhatsApp*
groep stuur asseblief GEBED met jou
naam & van na 079 815 9325.

'n Spesiale uitnodiging...

Sondag, 25 Oktober lei ds. Sunell haar laaste erediens by Hoogland. Ons nooi die hele gemeente om dit saam by te woon en met dankbaarheid terug te kyk op haar bediening en die pad wat sy saam met ons gestap het.

Ná die erediens kuier ons nog 'n bietjie saam oor 'n koppie tee / koffie en ietsie lekkers daarby. Daar sal ook geleentheid wees om persoonlik met haar te gesels, dankie te sê en afskeid te neem.

Kom deel in hierdie oggend en help ons om ds. Sunell met liefde en seën op haar pad verder te stuur.



Hoogland se Toebroodjiebediening hervat!

Met groot dankbaarheid word Hoogland se Toebroodjiebediening weer hervat ná 'n kwartaal se onderbreking weens veiligheidsbekommernisse.

'n Opregte dankie aan elkeen wat met soveel liefde broodjies voorberei en bring. Hierdie eenvoudige gebaar beteken vir iemand anders dikwels baie meer as net 'n maaltyd.

Toebroodjies kan met polonie, ham, konfyt, Marmite of enige ander geskikte smeergoed voorberei word – pak asseblief twee reeds gesmeerde broodjies saam in een sakkie.

Om die bediening veilig en ordelik te laat voortgaan, word almal vriendelik gevra om die volgende reëlings te respekteer:

- **Uitdeeldae:** Maandae, Donderdae en Vrydae, tussen 09:00 en 11:00.
- **Aflewering:** Broodjies moet asseblief soggens teen 09:00 by Annalize in die kerkkantoor afgegee word.
- **Veiligheid:** Moet asseblief nie broodjies direk vanuit enige voertuie uitdeel nie. Alle broodjies word deur die kerkkantoor versprei.

Hierdie reëlings is daar om elkeen wat gee én elkeen wat ontvang se veiligheid te help verseker.

Dankie dat hierdie besondere bediening met soveel liefde voortgesit kan word.

Mag elke broodjie geloof-deur-liefde-tot-dade sigbaar maak!

Vir enige navrae, gesels gerus met Annalize by die kerkkantoor.



DAGBOEK DIE DATUM! ♥

Gemeente PIEKNIK

 **SONDAG, 8 NOVEMBER**
10:00
Direk na die Oggenddiens

Stof so lank jou piekniekmandjie af en soek ouma se piekniek kombes! ♥

 Hou gerus die Hallo.Hoogland en WhatsApp dop vir **Pizza bestellings!**

Sien uit om saam met jou te kuier!! ♥

Uit die hart ...

Wie het jou leer bid? Wie het saam met jou Bybel geles, jou vrae ernstig opgeneem of jou gehelp toe jy gewonder het of God enigsins bestaan? Ek vermoed die meeste van ons kan iemand noem. Alhoewel God die saad van geloof in ons lewe laat groei, het ons geloof ook 'n geskiedenis waarin ander mense 'n belangrike en vormende rol gespeel het.

Paulus herinner Timoteus aan die geloof van sy ouma Loïs en sy ma Eunice. Hy sê dat hy dié geloof ook in Timoteus herken. Wat Timoteus by hulle gesien en geleer het, het deel van sy eie lewe geword.

Sondag vier ons jongmense hulle geloof in en verbintenis aan Jesus Christus. Ouers, grootouers, mentors en ander het hulle tot hier help lei. Nou gaan hulle self sê dat hulle Jesus vertrou en Hom wil volg. Ons staan by hierdie roetemerker op hul geloofspad stil, dankbaar vir hulle groei en met verwagting oor die pad vorentoe.

Roetemerkers soos hierdie gee ons almal geleentheid om weer na ons eie geloofspad te kyk. Wat het ek langs die pad geleer? Wat moet ek dalk afleer vir die pad vorentoe? En watter gewoontes help my om vandag met God te leef? Jakobus herinner ons dat ons geloof ook deur beproewings getoets word en dat volharding daaruit kan groei. Dit is ook geleentheid wat ons geloof en vertroue in God kan groei.

Dit laat my oor my eie geloof dink. Ek kan baie daaroor praat, maar maak ek tyd daarvoor? Wat leer mense by my wanneer ek onder druk is, met iemand verskil of 'n moeilike besluit moet neem? Dit is dikwels juis daar waar ons voorbeeld ook ander vorm op hulle pad.

Paulus moedig Timoteus aan om hom te oefen om met God te leef. Daardie uitnodiging is vir ons almal: maak tyd vir die Woord en gebed, bly betrokke en leef wat jy leer. Ons hoop is op die lewende God gevestig. Daarom kan ons verder groei en mekaar help om dit te doen.

Ek sien uit om Sondag saam met elkeen ons geloof te vier.

...Pieter